

Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 19 Dec 2017
Page: 14

AVE: 37682.13
Circulation: 41286
Part: 1 of 1

# Sokkies hardloop wêreld aan brand

**Wim Pretorius**

In 2017 het Suid-Afrika se skoolkinders aan die wêreld gewys dat sy atletiektalent wat in die pyplyn broei, iets is wat sonder twyfel in die toekoms vrees kan inboesem.

Suid-Afrika het geskitter met sy vertonings by die Wêreldbyeenkoms vir o.18's, wat in Julie in Nairobi, Kenia, gehou is.

Suid-Afrika het die byeenkoms afgesluit met 11 medaljes waarvan vyf goud, drie silwer en drie brons was vir die voorste plek op die medaljeranglys.

Die wêreld se oë mag dalk grootliks op Wayde van Niekerk wees om die legendariese Usain Bolt se mantel oor te neem, maar dit was die vertonings van die 16-jarige Zazini Sokwakhana wat uitgestaan het.

Sokwakhana, of Sokkies soos sy vriende hom noem, het die wêreld laat regop sit toe hy in Maart 'n verstommende tyd van 48.84 sek. in die 400 m-hekkies genael het. Hy het nie net die vinnigste tyd van die jaar gehardloop nie, maar ook die o.18-wêreldrekord aan flarde gehol, wat die Amerikaner William Wynne in 2007 opgestel het.

Sokwakhana het die rekord met



**Die bittereinder-houding van Zeney van der Walt het verseker dat sy goud op die o.18-Wêreldbyeenkoms gewen het in die 400 m-hekkies.**

0.17 sekondes verbeter op 'n Noord-Gautengse byeenkoms by Tuks en dit in Julie opgevolg deur die goue medalje op die Wêreld-jeugbyeenkoms in 49.27 sek. te wen.

Al vyf van die beste tye wat vanjaar gehardloop is, staan agter sy naam, wat atletiekliefhebbers baie gee om na uit te sien.



**Die 16-jarige Zazini Sokwakhana het vanjaar die o.18-wêreldrekord in die 400 m-hekkies aan flarde gehol.**
Foto's: GALLO IMAGES



**Breyton Poole het Jacques Freitag se Suid-Afrikaanse jeugrekord geëwenaar.**

Die ander uitskieter is die jong hoogspringer Breyton Poole wat 'n hele 52 cm hoër as sy eie lengte van 1,72 m oor die dwarslat geseil het om as die wêreldkampioen gekroon te word.

Poole was reeds op 2,16 m seker van die goue medalje, maar het die dwarslat daarna nog drie keer laat opskuif, eers tot 2,20 m, toe 2,22 m en daarna 2,24 m. Hy het ook in November Jacques Freitag se Suid-Afrikaanse hoogspringrekord in die jeugafdeling geëwenaar toe hy op 2,25 m oor die lat geseil het.

Hy hou ook die twee voorste hoogtes van die jaar en drie van die beste uitslae in die toptien.

Retshidisitswe Mlenga en Tshenolo Lemao het gewys daar wag 'n blink toekoms onder die naellopers met Lemao wat die 100 m in 10.57 sek. gewen het, en in die 200 m die silwermedalje in 21.12 sek.

Mlenga het weer die goue medalje in die 200 m gewen in 21.03 sek. en die knie voor sy landgenoot gebuig in die 100 m toe hy tweede klaargemaak het in 10.61 sek.

Dan was daar die uitsonderlike vertoning van Zeney van der Walt in die 400 m-hekkies. Sy was die definisie van die gesegde "aanhouer wen". Jamaika se Sanique Walker was gemaklik voor, maar het toe die laaste hekkie raakgetrap, wat haar momentum gestuit het.

Van der Walt het haar kans aangegryp en die Jamaikaan op die wenstreep verbygesteek om in 58.23 te wen, met Walker tweede in 58.27.

Die afwesigheid van Amerika, Kanada, Australië, Nieu-Seeland, Switserland en Brittanje, wat hul spanne weens veiligheidsredes onttrek het, plaas sake in perspektief, maar dit neem niks weg van die nuwe geslag Suid-Afrikaanse atlete nie.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.